# 12 April 2023 - Lesing 8 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die verwerping van JaHshua die Messias is dieselfde as om Elohim te verwerp - 26/3/57

**NO: 6792** Jy sal nie die woning van die geluksaliges kan binnegaan solank jy My Self nog weerstand bied nie, **in soverre jy nie die Verlosser JaHshua die Messias erken in Wie Ek Myself beliggaam het nie**. Wanneer julle Hom verwerp, verwerp julle ook vir My, al maak julle asof julle in 'n Elohim glo. Ek en JaHshua die Messias is een, al is dit nog steeds 'n misterie vir julle mense, vir al die onvolmaakte geestelike. Eendag sal ook julle, wat nog nie tot die geloof in Hom gekom het nie, dit verstaan. Maar laat Ek dit tog vir julle sê en steeds herhaal dat julle nie na My toe sal kan kom as julle nie **die weg via JaHshua die Messias** wil neem nie. Moenie Hom verwerp as julle My nie Self daardeur wil verwerp nie. Soek eerder om van jou Elohim en Skepper uitsluitsel daaroor te kry oor hoekom JaHshua die Messias erken moet word om geluksalig te word. En hierdie uitsluitsel sal waarlik aan julle gegee word op so 'n manier dat julle dit ten volle sal kan begryp.

Dat baie mense geloof in JaHshua die Messias en Sy verlossingswerk verloor het, was te wyte aan die dikwels verkeerde lering daaroor, wat hulle mishaag het en daarom daartoe gelei het om alles wat met Hom en die verlossingswerk verband hou, te verwerp.

Maar 'n korrekte verduideliking kan ook die geloof vir julle herstel, indien dit julle opregte wil is om die korrekte verklaring aan te hoor: Dat **julle siele belas is met 'n groot sondeskuld**, wat ook die beweegrede van julle aardse bestaan is en dat hierdie sondeskuld die binnegaan in die ligryk, in die ryk van geluksaligheid, totaal onmoontlik maak. Dat die sondeskuld dus eers ongedaan gemaak moet word, voordat die poorte na daardie ryk oopgaan. **Daardie Een het vir jou die boetedoening aangebied vir hierdie skuld**, die mens JaHshua die Messias Wie aan die kruis gely en vir julle gesterf het om daardie sondeskuld uit te wis, om die poorte vir julle te open. Dat Ek in hierdie mens JaHshua Myself op aarde beliggaam het, omdat Ek as die ewige Liefde vir julle die verlossingswerk wou volbring, **wat in 'n menslike omhulsel moes plaasvind** sodat julle daarvan kon kennis neem, omdat geestelike werksaamheid nie vir julle sigbaar was nie en omdat julle op hoogte moes wees van die verlossingswerk om julle vrywillig by die menigte sondaars aan te sluit wat die verlossing kan ontvang.

Die groot sondeskuld het egter daarin bestaan dat julle My eenmaal as julle Elohim en Vader die erkenning ontsê het. Dat julle julleself van My afgewend het en ’n ander gevolg het wie My teëstander is. Julle sal My dus nou weer in julle vrye wil moet erken. En aangesien Ek Myself in die mens JaHshua beliggaam het om vir julle te ly en te sterwe, is die erkenning van JaHshua die Messias en van die verlossingswerk tegelyk ook die erkenning van Myself, waar julle My eens geweier het. Want slegs die uiterlike omhulsel was menslik. **Wat hierdie uiterlike omhulsel binne-in homself gedra het, was Ek self. Hy en Ek het een geword.** Die menslike omhulsel het in al sy volheid die Liefde bevat wat die oersubstansie van die ewige Godheid is. Ek self het dus die mens JaHshua vervul, Wie Homself dus volkome op aarde vergoddelik het **en wie se uiterlike vorm ook met My saamgesmelt het** en Hy daarom ook na Sy dood in My koninkryk kon opvaar.

Julle sal My nie van JaHshua die Messias kan skei nie, want Hy was Ek en Ek was Hy - **alleenlik dat Ek 'n gestalte aangeneem het vir julle mense en vir alle wesens in die geestelike realm, anders sou Ek nie vir al My geskape wesens sigbaar kon wees nie**. Julle sal Myself dus in die gestalte van die mens JaHshua kan voorstel. Julle sal My kan sien wanneer julle Hom sal sien. Maar julle sal Hom dan eers kan sien wanneer julle Hom as jul Elohim en Vader van ewigheid af erken het, wanneer julle julself aan Hom oorgegee het en Hom vra om julle sondes te vergewe, wanneer julle die weg na die kruis neem, die enigste weg wat na My lei, na die ewige lewe in saligheid. Amein.